Cash and cash equivalents at end of year	(389 787)	(282 062)	(412 294)	(293 715)

AANTEKENING 1

Basis van voorbereiding

Die opgesomde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state is opgestel vanuit die volledige geouditeerde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019.

Hierdie opgesomde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state vervat die afsonderlike en gekonsolideerde state van finansiële posisie en afsonderlike en gekonsolideerde state van omvattende inkomste en kontantvloeie soos vervat in die geouditeerde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state, sonder enige aansuiwerings of samevoegings.

NOTE 1

Basis of preparation

The summary separate and consolidated financial statements have been compiled from the full set of audited separate and consolidated financial statements for the year ended 28 February 2019.

The summary separate and consolidated financial statements which comprise the separate and consolidated statements of financial position and separate and consolidated statements of comprehensive income and cash flows are derived from the audited separate and consolidated financial statements, without any changes or off-setting.

SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK EN SY FILIALE FINANSIËLE BESTUURSOORSIG 2019

AGTERGROND

U sal vergewe word as u hierdie laaste jaar verstar gestaan het met wat in die wêreld aangaan: Politiekery, korrupsie, onmin, oproere, dreigende militêre aksies, handelsoorloë, en soveel meer. Ou bondgenote bied weinig deernis vir mekaar en van "Werk saam, Wen saam" is daar in die samelewing van vandag, veral op internasionale vlak, min te sien. Die VSA, steeds onder leiding van President Donald Trump, trap weereens op vele internasionale tone en hul/sy roekelose optredes en besluite het 'n massiewe impak op brose internasionale verhoudinge. Hul handelsoorlog met China dreig om 'n wesenlike impak op nie net hul eie ekonomie te hê nie, maar ook op dié van die hele ekonomiese wêreld en die algehele ekonomiese en sosiale vooruitgang van elke wêreldbürger. Brexit help ook nie juis om hierdie benarde posisie teen te werk nie, en die vooruitsig vir die Verenigde Koningryk se uittrede uit die EU, sonder ooreengekome terme, is duidelik die voorland. 'n Moontlike tweede referendum word wel genoem, maar die waarskynlikheid hiervoor blyk laag te wees. Die Midde-Ooste bly steeds 'n drukpot van geweld en oproer, met Omar Al Bashir, die voormalige president van Sirië, wat ook nou onttroon is. Die patriotiese uitlatings deur President Trump het wel gelei tot die versterking van die Dollar, maar die volhoubaarheid daarvan word bedreig deur die beoogde verswakking van dié geldeenheid se reputasie as 'n veilige hawe in tye van onsekerheid. Die impak van die VSA se besluite het tot die verswakking van ontwikkelende lande se geldeenhede gelei en periodes van lae groei, en selfs resessies, raak nou 'n realistiese vooruitsig.

Harde kommoditeitspryse het grotendeels stabiel gebly gedurende die laaste jaar en die meeste mynhuise het hierdie situasie verwelkom om meer stabiliteit in hul aandeelpryse teweeg te bring. Die Suid-Afrikaanse mynbedryf se bydrae tot die land se ekonomie hou aan krimp en 'n oplewing in hierdie sektor word al hoe minder 'n haalbare vooruitsig. Die plaaslike verkiesing het glad verloop en die gevolglike oorwinning van die ANC was verwag, alhoewel die EFF se massiewe toename in stemme onderskat was. Die inhuldiging van Cyril Ramaphosa as President van Suid-Afrika het sopas plaasgevind en daar rus op sy skouers die verantwoordelikheid om die grootskaalse korrupsie en burokrasie, tesame met die dreigende ineenstorting van staatsbeheerde entiteite, te stop. Hoe hy hierdie berg gaan uitklim terwyl die ANC as organisasie meer verdeeld is as ooit tevore, bly 'n belangrike vraag. Suid-Afrikaners moet nou, meer as ooit tevore, hul politieke verskille eenkant plaas en saamwerk om ons land te red.

Die Rand se verswakking teen die Dollar is voorsien en dit verhandel tans (Junie 2019) teen R14.80 teen die Dollar. Dit is 18% swakker as dieselfde tyd die vorige jaar. Dit lei uiteraard tot verhoogde koste van invoere, met die gevolg dat die plaaslike ekonomie minder ingevoer het omdat die vraag na hierdie produkte en dienste afgeneem het. Ten tyde van hierdie skrywe sukkel Amerikaanse boere om te plant as gevolg van baie nat toestande. Dit lei tot groot toenames in die pryse van graan- en kommoditeite, met veral mielies en sojabone wat die hoogte inskiet. Dit is 'n welkome vooruitsig vir die produsente van hierdie kommoditeite in Suid-Afrika, maar slegte nuus vir suiwelboere en die verbruikers van olie, meel en ander gekoppelde landbouprodukte.

Die konsultasieproses oor die wysiging van die Grondwet om voorsiening te maak vir die onteiening van grond sonder vergoeding is afgehandel en die advieskomitee se gevolgtrekking was dat dit wel toegelaat moet word. Die implementering hiervan, en die bewoording van hierdie wysiging, is egter nog nie bekend gemaak nie. Hierdie onsekerheid het tot gevolg dat landbouers en ander besighede in die landbouwaardeketting huiwerig is om grootskaalse kapitale investering aan te gaan.

SSK se bedieningsgebied het nog 'n jaar van uiterste ongunstige weerstoestande beleef, met veral lae reënvalsyfers wat wydverspreid gerapporteer is. Damvlakke is steeds onder druk en veral veeboere gaan gebuk onder die addisionele koste van voer om hul kernkuddes in stand te hou. Die nuwe plantseisoen is nou afgehandel en alhoewel daar welkome reën einde Mei in die Suid-Kaap geval het, was die omvang hiervan beperk. Die graanopkoms is egter goed, en goeie reëns in Junie kan werklik 'n mooi prent oplewer.

Vooruitsigte dui tans op verhoogde plaaslike koring-, canola- en garspryse. Toestande in en die vooruitsigte vir van die ander landbousektore is as volg:

- Die suiwelbedryf het 'n moeilike jaar beleef, met stygende voerpryse en 'n daling in melkpryse. Die watertekorte het ook weidings onder druk geplaas.
- Die vrugte- en wynbedrywe het gemiddelde oeste ervaar, veral gegewe die watertekort wat gelei het tot beskermende boerderypraktyke, met gevolglike laer opbrengste. Uitvoerpryse van vrugte, gegewe die wisselkoers, was beter as verwag. Die prys vir wyndruiwe toon steeds 'n belowende verbetering.
- Die volstruisbedryf het weereens 'n uitvoerverbod op vleis ervaar, alhoewel leerpryse uitstekende groei getoon het. Die beoogde samesmelting van Klein Karoo Internasionaal en Mosstrich gaan hopelik lei tot verbeterde bemarking oorsee van vere en leer en sodra die mark vir die uitvoer van vleis weer oopgestel word, sal die voordele van so 'n saamgevoegde bedryf hopelik tasbaar wees.
- Vleispryse het dié jaar effens teruggesak namate verbruikers weerstand gebied het teen veral die hoë skaapvleispryse. Selfs die lae beskikbaarheid van skaap en bees vir die slagmark kon hierdie daling nie neutraliseer nie.
- Die wol- en bokhaarbedryf het na jare van voorspoed 'n erge terugslag beleef, met uitvoere van wol na China (Suid-Afrikaanse wol se grootste koper) wat gestop is op die rug van vrese oor gevalle van bek-en-klouseer. Die prysdaling was egter minder as wat verwag is. Lesotho se regering het ook 'n verbod (al is dit onkonstitusioneel bewys in hul hoër hof) op die verkoop van wol aan Suid-Afrikaanse wolkopers geplaas.
- Die groentebedryf het ook 'n tydperk van bestendige pryse ervaar ten opsigte van meeste kontantgewasse.

SSK het, gegewe die voortgesette droogte, 'n gemiddelde finansiële jaar beleef. Addisioneel het die massiewe waardedaling in die Pioneer Foods Groep Bpk aandeelhouing die besigheid se finansiële posisie verder geknou het. Op Groepvlak is die resultate aansienlik beter gegewe SOILL (Edms) Bpk wat goed presteer het in 'n baie kompeterende olie-mark. Ongelukkig het

Walts Malting (Edms) Bpk se wesentliche verlies vir die jaar SSK en die Groep se resultate negatief beïnvloed. Verdere negatiewe billikewaarde-aanpassings as gevolg van Riparian Investment Consortium 1 (Edms) Bpk se aandeelhouding in Pioneer Foods Groep Bpk is ook aangeteken. Hierdie aandeelhouding, sowel as hul aandeelhouding in Quantum Foods Holdings Bpk, is na jaareinde verkoop en alle lenings is gedelig met die vooruitsig van 'n kapitale wins wat gerealiseer word. Alhoewel die finansiële prestasie van SSK weereens onder druk verkeer het, is die finansiële stand steeds gesond en is voldoende finansiering vir ons en ons Lede se bedrywighede steeds met gemak verkry. Die meeste bedryfsafdelings het goeie resultate gelewer. Die Graan-, Saad-, Versekering-, Veevoervoerders en Handelsafdelings was almal winsgewend, met slegs die Meganisasie-afdeling wat weer 'n verlies gerealiseer het.

Ledetalle groei steeds voortdurend, met veral landbouers van die Tuinroete, Karoo en Oos-Kaap gebiede wat die voordele van lidmaatskap wil geniet. Soos laasjaar gemeld, word slegs die bruto wins van direkte verkope sedert 1 Maart 2017 as omset getoon. Hierdie verandering het slegs SSK se omset- en koste-van-verkope-syfers afwaarts aangepas, met geen effek op bruto wins nie.

Op tegnologiese vlak is wesentliche vooruitgang ten opsigte van SSK se netwerk en stelselinfrastruktuur bewerkstellig en die ontwikkeling van SSK se bedryfstelsels is nou grootliks afgehandel. Uitstekende resultate deur die implementering van die nuwe bestelprogram is ook gerealiseer.

Die filiale, gesamentlike onderneming en geassosieerdes het goed presteer en die enigstes wat winsgewend was nie, was soos verwag, Walts Malting (Edms) Bpk, Procuco Grain (Edms) Bpk en Riparian Investment Consortium 1 (Edms) Bpk. Die vooruitsigte vir Procuco Grain (Edms) Bpk lyk belowend en toenemende verhoogde deursig word behaal. Walts Malting (Edms) Bpk het wesentliche operasionele kwessies beleef, maar verhoogde produksie en verbeterde verkope is die laaste paar maande bereik.


Gegewe die rampspoedige droogte wat gedurende die 2019 finansiële jaar ervaar is, is die syfers behaal prysenswaardig. Onder moeilike omstandighede vir beide SSK se Lede en die organisasie, is die finansiële stand van die onderneming beskerm. Die bydrae van SSK se filiale om die diversifikasie van SSK se oorhoofse besigheidsrisiko's te bewerkstellig, werp sekerlik vrugte af. Die Direksie, Bestuur en Personeel het deurlopend 'n positiewe ingesteldheid gehandhaaf en het gepoog om deurentyd hul fokus op die behoeftes van ons Lede en kliënte te hou. SSK se Lede, Direksie, Bestuur en Personeel het hard saamgewerk om hierdie resultate moontlik te maak in moeilike omstandighede en ons wil almal vir hul bydrae hiertoe bedank. **Werk saam, wen saam!**

SSK se Direksie, Bestuur en Personeel bly toegewyd tot die ondersteuning van ons Lede en hul onderskeie boerderye en is dankbaar vir die ondersteuning wat ons Lede ons bied. Ons bly nederig dankbaar aan ons Hemelse Vader vir al die seëninge wat ons onverdienslik uit Sy hand ontvang het.

TOTALE OMSET

Die totale omset met Lede en klante het toegeneem vanaf R1 805 046 140 in die 2018 finansiële jaar tot R1 953 070 352 in die 2019 finansiële jaar – 'n toename van meer as 8%. Die toename is in lyn met inflasionêre prysaanpassings.

TOTALE OMSET



NETTO INKOMSTE / VERDELING VAN SURPLUS

Die Koöperasie se bedrywighede het 'n netto inkomste voor belasting vir die jaar van R50 178 060 (2018 – R68 797 443) tot gevolg gehad. Ingesluit in hierdie syfers is 'n dividend van R28 000 000 van Tuinroete Agri (Edms) Bpk vir beide finansiële jare, asook 'n eenmalige dividend vanaf SSK Vervaardigers (Edms) Bpk ten bedrae van R10 097 110 in die 2018-jaar as deel van die proses om die onderneming te ontbind.

Inkomstebelasting beloop R1 273 509 (2018 – R4 724 300) en die toename in die voorsiening vir uitgestelde belasting beloop R2 560 130 (2018 – R1 506 146 afname). Die netto inkomste na belasting, maar voor bonusse, beloop dus R51 344 421 (2018 – R87 579 289). Die surplus word as volg verdeel:

Ledebonusse	R5 000 000
Kontant	R1 000 000
Uitgestel	R4 000 000
Reserwes	R46 344 421

BEDRYFSREKENINGE

	2019				2018			
	Omset R	Bruto wins R	Bruto wins %	Netto wins/ (verlies) na belasting	Omset R	Bruto wins/ (verlies) R	Bruto wins %	Netto wins/ (verlies) na belasting
Werkswinkels	28 583 681	16 147 968	56.49%	(11 308 812)	28 955 085	17 602 454	60.79%	(8 044 682)
Versekering	11 591 321	11 590 522	99.99%	2 166 489	11 049 650	11 048 908	99.99%	2 061 966
Handel	1 254 583 380	163 276 744	13.01%	10 598 625	1 147 531 333	146 594 145	12.77%	15 858 827
Meganisasie bemarking	117 490 053	6 834 171	5.82%	(5 031 756)	119 408 802	7 291 497	6.11%	(4 965 579)
Onderdele	30 857 537	4 909 993	15.91%	(1 542 101)	31 574 245	6 003 160	19.01%	(553 131)
Saad	90 767 589	20 853 852	22.97%	9 263 969	87 005 791	19 546 218	22.47%	8 276 021
Graan	274 029 473	66 432 936	24.24%	2 450 011	235 415 486	84 530 455	35.91%	16 430 442
Veevoere	144 940 867	25 700 796	17.73%	6 585 964	144 067 819	22 864 250	15.87%	5 709 063
Administrasie	226 450	690 927	Nt	38 162 032	37 929	(173 900)	Nt	52 806 362
Subtotaal				51 344 421				87 579 289
Ledebonusse verklaar				(5 000 000)				(22 000 000)
Totaal	1 953 070 352	316 437 910	16.20	46 344 421	1 805 046 140	315 307 189	17.47	65 579 289

BRUTO WINS PER DOELSTELLING

Die verhouding van bruto wins per doelstelling tot die totale bruto wins ten bedrae van R311 437 910 (2018 – R293 307 188) is soos volg:



TOTALE UITGAWES

Totale uitgawes (administratiewe en bedryfsuitgawes) het in die jaar onder oorsig met 8.8% gestyg. Dit is in lyn met die begrote syfers en kan grotendeels toegeskryf word aan verhoogde koste verbonde aan bedryfshure, kommissie betaal, toename in die voorsiening vir die waardedaling van korttermynlenings en personeelkoste.

WAARDETOEVOEGING TOT BELANGHEBBENDES

	%	2019 R	2018 R	%
Omset		1 953 070 352	1 805 046 140	
Netto kosprys van produkte en dienste		1 564 359 065	1 403 924 285	
Waarde toegevoeg		388 711 287	401 121 855	
Soos volg aangewend:				
Werknemers	43.54	169 247 011	160 327 198	39.97
Lone/Salarisse	40.14	156 020 134	143 008 837	35.65
Aansporingsbonusse	3.49	13 556 877	17 231 361	4.30
Na-aftrede mediese koste	(0.08)	(330 000)	87 000	0.02
Kapitaalverskaffers	22.98	89 312 350	83 869 202	20.91
Rente	22.72	88 312 350	79 469 202	19.81
Bonusse uitbetaal	0.26	1 000 000	4 400 000	1.10
Toevoeging van bates	10.67	41 482 798	51 342 138	12.80
Waardevermindering	5.98	23 228 326	19 248 514	4.80
Herbelê in besigheid	15.85	61 607 163	83 116 649	20.72
Reserwes	14.82	57 607 163	65 516 649	16.33
Bonusse uitgestel	1.03	4 000 000	17 600 000	4.39
Inkomstebelasting	0.99	3 833 639	3 218 154	0.80
		388 711 287	401 121 855	

DEBITEURE


Oorlaatskuld het aansienlik toegeneem tot R311 500 936 (2018 – R205 289 534). Die toename is toeskryfbaar aan die natuurtoestande wat deur die breër bedieningsgebied geheers het gedurende die periode. Die wydverspreide droogte het druk geplaas op die opbrengs van alle landbouprodukte. Daar is vanjaar debiteure ten bedrae van R384 689 (2018 – R132 648) afgeskryf as oninbaar. Die totale voorsiening vir twyfelagtige skulde was op jaareinde R1 977 806 (2018 – R2 324 246). Hierdie uitstekende syfers is noemenswaardig gegewe die omvang van die debiteureboek.

BELANGRIKE FINANSIËLE VERHOUDINGS

Die volgende verhoudings is belangrike maatstawwe waarmee die finansiële toestand gemeet kan word:

	2019	2018
Netto winsgewendheid	2.37%	3.63%
Opbrengs op ekwiteit	6.92%	8.99%
Skuld : Ekwiteit	2.01	1.78
Rentedraende skuld : Ekwiteit	1.59	1.33
Bedryfskapitaal	1.03	0.94

KAPITAALBRONNE



	2015	2016	2017	2018	2019
L/T lenings	220 002	203 364	187 923	167 851	209 034
Aandele	4 557	5 173	5 679	6 097	6 310
Reserwes	567 595	522 674	648 681	657 834	607 980
Ledefondse	81 213	67 166	64 912	65 457	54 953

FILIALE

Die prestasie van die filiaalmaatskappye (direkte en indirekte belang), die gesamentlike onderneming en geassosieerde maatskappye vir die jaar onder oorsig, is as volg:

	2019		
	Omset	Bruto wins/(verlies)	Netto wins
Blinkbeleg Vyftien (Edms) Bpk	577 800	577 800	274 203
Eureka Mills (Edms) Bpk	45 578 261	8 873 133	258 958
Hessequa Abattoir (Edms) Bpk	250 903 749	11 877 936	162 111
Procuco Grain (Edms) Bpk	9 121 856	9 096 760	(572 336)
Riparian Investments Consortium 1 (Edms) Bpk	–	–	(44 526 905)
Sentraal-Suid Beleggings (Edms) Bpk	178 200	178 200	47 052
Softlutions (Edms) Bpk	4 502 656	4 502 656	514 730
Southern Oil (Edms) Bpk Groep	1 443 850 483	250 511 799	61 876 296
Swellen Mark (Edms) Bpk	10 784 986	10 784 986	2 967 509
Technifarm (Edms) Bpk	14 501 809	5 252 500	1 243 495
Tuinroete Agri (Edms) Bpk	–	–	10 270 000
Walts Malting (Edms) Bpk	5 338 298	(861 910)	(11 076 169)
	2018		
Blinkbeleg Vyftien (Edms) Bpk	5 936 509	558 377	100 214
Eureka Mills (Edms) Bpk	38 204 260	6 977 302	233 897
Hessequa Abattoir (Edms) Bpk	217 341 949	15 334 562	2 580 469
Procuco Grain (Edms) Bpk	4 795 411	4 795 411	(3 509 116)
Riparian Investment Consortium 1 (Edms) Bpk	–	–	(31 305 012)
Sentraal-Suid Beleggings (Edms) Bpk	165 000	165 000	2 562 447
Softlutions (Edms) Bpk	3 733 124	3 733 124	254 080
Southern Oil (Edms) Bpk	1 230 616 020	158 838 286	34 768 707
SSK Vervaardigers (Edms) Bpk	–	–	1 060 504
Swellen Mark (Edms) Bpk	12 127 583	12 127 583	2 666 582
Technifarm (Edms) Bpk	12 294 267	4 023 165	739 328
Tuinroete Agri (Edms) Bpk	–	–	2 311 000
Walts Malting (Edms) Bpk	6 081 581	(1 125 842)	(8 868 982)

GRAAN

Graanaanplantings het in die jaar onder oorsig skerp afgeneem, met baie ongunstige planttoestande oor die grootste deel van die SSK-bedieningsgebied. Dit was veral die geval met koring.


Verdere reënval en reënvalverspreiding was ook nie baie gunstig nie en slegs sekere gebiede rondom Swellendam het redelike oeste gehad. Graan- en canola-opbrengste in veral die oostelike deel van die SSK-bedieningsgebied was van die laagste in baie seisoene.

Gegewe die droë jaar was daar egter relatief min kwaliteitsprobleme, alhoewel verslakte garsgraderingsregulasies 'n groot deel van die garsoes kon akkommodeer, wat in vorige jare nie die geval sou wees nie.

HEKTARE GEPLANT


Hektare in SSK bedieningsgebied geplant (vanaf 2015 word Riversdal, Albertinia en Herold ingesluit).

HEKTARE GEPLANT



GRAANONTVANGSTES


Graanontvangstes in SSK silo's (vanaf 2015 word Riversdal, Albertinia en Herold ingesluit).



Graanlewering was van so 'n omvang dat SSK se opbergingsfasiliteite vir 'n tweede agtereenvolgende jaar baie swak benut was. Slegs Swellendam en in 'n mindere mate Heidelberg se silo's was naby aan kapasiteit benut.

SAAD

SAADVERKOPE



SSK se saadverkope was onder omstandighede steeds bo verwagting. Kompetierende pryse, beskikbaarheid van kultivars en goeie kwaliteit saad verseker ondersteuning van kliënte oor 'n wye front en 'n beduidende deel van die afdeling se omset is deesdae van buite SSK se historiese bedieningsgebied.

TOEKOMSBLIK

SSK se bedieningsgebied het die jaar onder oorsig wat reënval betref 'n ondergemiddelde jaar beleef. Swak kommoditeitspryse het verdere druk op ons Lede se kontantvloeï en skuldposisies geplaas. SSK se strategiese fokus is tans om hierdie skuldposisies saam met sy Lede te bestuur, ook in die jaar wat volg. Die geskiedenis het bewys dat 'n moeilike landboujaar nie in een jaar omgedraai word nie.

Daar lê groot uitdagings voor vir landbou, nie net binne die SSK gebied nie, maar ook vir landbou op nasionale vlak.

Die jongste syfers van die Nasionale Departement van Landbou, Bosbou en Visserye toon dat skuldvlakke in die Suid-Afrikaanse landboubedryf tot rekordhoogtes gestyg het. Dit het einde 2018 sowat R170 miljard beloop, wat gelykstaande is aan 35% van die bates in die landbousektor.

Die swak en krimpende stand van die verbruikersmark het verder 'n demper op die mark vir landbouprodukte geplaas. SSK en sy filiale het hierdie afname in koopkrag ervaar en die finansiële resultate vir die jaar onder oorsig getuig daarvan. Hierdie kompeterende omgewing waarin SSK en sy filiale moet meeding gaan in die komende jaar groot uitdagings aan onderskeie Besture en Direksies stel.

Die verkiesing is verby en nou begin die werk. Die Regering se ekonomiese beleid behoort in die komende maande op verhoogde groei en werkskepping gefokus te wees. Verwagting vir ekonomiese groei vanjaar wissel van die onlangse 1.6% tot die minder optimistiese 1.3%. Dit is nie naastenby genoeg om die land se strukturele ekonomiese probleme soos armoede, werkloosheid en ongelikheid te oorkom nie. Hierdie bly een van President Ramaphosa se grootste uitdagings. Duidelikheid oor die debat oor die onteiening van grond en wat daarmee beoog word, is nou broodnodig vir die landbousektor.

SSK se ledegetalle neem steeds toe. Bestuur en Personeel is geïntegreer om hierdie Lede volwaardig te diens.

SSK wil sy Lede verseker dat ons verbind is om met handhawing van gesonde besigheidsbeginsels u deur hierdie onsekere tyd ten volle by te staan. SSK se Direksie en Bestuur erken met groot nederigheid ons afhanklikheid teenoor ons Hemelse Vader.

SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LTD AND ITS SUBSIDIARIES FINANCIAL MANAGEMENT REVIEW 2019

BACKGROUND

You will be forgiven if you have been stunned with what has been happening in the world this past year: Politicking, corruption, dissent, rioting, threats of military action, trade wars, and so much more. Old allies offer little compassion for each other and of "Working together, winning together" there is little to see in society today, especially at international level. The US, still led by President Donald Trump, is once again stepping on many international toes and their/his reckless actions and decisions have had a massive impact on fragile international relations. Their trade war with China threatens to have significant impacts not only on their own economy, but also on the world economy as a whole and the overall economic and social progress of every citizen of the world. Brexit has also not really helped this plight and the prospect of a United Kingdom's exit from the EU, without agreed terms, is very likely. A possible second referendum has been mentioned, but the probability for this seems to be low. The Middle East remains a pressure cooker of violence and rioting, with Omar Al Bashir, the former president of Syria, also now toppled. The patriotic statements made by President Trump have led to the strengthening of the Dollar, but its sustainability is threatened by the weakening of that currency's reputation as a safe haven in times of uncertainty. The impact of US decisions has led to the weakening of developing countries' currencies and periods of low growth, and even recessions, are now a realistic prospect.

Hard commodity prices remained largely stable over the past year and most mining houses welcomed this situation to bring about more stability in their share prices. The South African mining industry's contribution to the country's economy continues to shrink and a boom in this sector is becoming less and less probable. The local election went smoothly and the ANC's victory was expected, although the EFF's massive increase in votes was underestimated. The inauguration of Cyril Ramaphosa as President of South Africa has just taken place and a huge task rests on his shoulders to stop the large-scale corruption and bureaucracy, together with the imminent collapse of state-owned entities. How he will climb this mountain while the ANC as an organisation is more divided than ever before, remains an important question. South Africans now, more than ever before, have to put aside their political differences and work together to save our country.

The Rand's weakening against the Dollar was foreseen and it is currently (June 2019) trading at R14.80 against the Dollar. This is 18% weaker than the same time last year. This, of course, leads to increased cost of imports, with the result that the local economy has imported less as demand for these products and services has decreased. At the time of writing, American farmers are struggling to plant due to very wet conditions. This has already led to large increases in grain commodity prices, with maize and soybeans leading the charge. This is a welcome prospect for producers of these commodities in South Africa, but bad news for dairy farmers and consumers of oil, flour and other linked agricultural products.

The consultation process on the amendment of the Constitution to allow for the expropriation of land

without compensation was concluded and the committee's conclusion was that it should indeed be allowed. However, the implementation and the wording of this amendment have not yet been made public. This uncertainty results in farmers and other businesses in the agricultural value chain being reluctant to make large-scale capital investments.

SSK's service area experienced another year of extremely adverse weather conditions, with especially low rainfall figures being widely reported. Dam levels are still under pressure and livestock farmers in particular are burdened by the additional cost of feeding their core herds. The new planting season has now been completed and although welcome rain has fallen at the end of May in the Southern Cape, the extent of this was limited. The grain germination has been good, and good rains in June can produce a sight for sore eyes.

Forecasts currently point to increased local wheat, canola and barley prices. Circumstances experienced and prospects for other agricultural sectors were/are as follows:

- The dairy industry experienced a difficult year, with rising feed prices and a decrease in milk prices. The water shortages also put pressure on pastures.
- The fruit and wine industries experienced average crops, especially given the water shortage that led to protective farming practices, resulting in lower yields. Export prices of fruit, given the exchange rate, were better than expected. The price for wine grapes continued to show a promising improvement.
- The ostrich industry once again experienced an export ban on meat, although leather prices showed excellent growth. The envisaged merger of Klein Karoo International and Mosstrich will hopefully lead to improved marketing overseas of feathers and leather and once the meat export market is re-opened, the benefits of such a merged industry will hopefully be realised.
- Meat prices dropped slightly during the year as consumers resisted the high prices for lamb and mutton in particular. Even the low availability of sheep and cattle could not neutralise this decline.
- The wool and mohair industry experienced a severe setback after years of prosperity, with a ban being placed on the export of wool to China (South African wool's largest buyer) due to fears over foot-and-mouth disease cases. The price decline was, however, lower than expected. Lesotho's government also placed a ban (albeit unconstitutional as decided by their High Court) on the sale of wool to South African wool buyers.
- The vegetable industry has also experienced a period of stable prices for most cash crops.

SSK experienced an average financial year due to the continued drought, with an additional negative impact resulting from the massive impairment of the Pioneer Foods Group Ltd shareholding that weakened SSK's financial position. At Group level, the results are markedly better given that SOILL (Pty) Ltd performed very well in a very competitive oil market. Unfortunately, Walts Malting (Pty) Ltd's material loss for the year impacted SSK's as well as the Group's results. Further negative fair

value adjustments due to Riparian Investment Consortium 1 (Pty) Ltd shareholding in Pioneer Foods Group Ltd were also recorded. This shareholding, as well as their shareholding in Quantum Foods Holdings Ltd, were sold after year-end and all loans were repaid, with the prospect of a capital gain being realised. Although the financial performance of SSK was under pressure once again, the financial position is still healthy and sufficient funding for our Members' operations and SSK was easily secured. Most operating divisions delivered good results. The Grain, Seed, Insurance, Animal Feed Manufacturers and Retail Divisions were all profitable, with only the Mechanisation division again realising a loss.

Membership continues to grow, especially with farmers from the Garden Route, Karoo and Eastern Cape areas keen to enjoy the benefits of membership. As reported last year, only gross profit from direct sales had been shown as revenue since 1 March 2019. This change only impacted SSK's turnover and cost of sales figures, with no effect on gross profit.

On technological level, substantial advances have been made in terms of SSK's network and system infrastructure and most of the development of SSK's operating systems has now been completed. The implementation of the new ordering programme has also realised excellent results.

The subsidiaries, joint venture and associates performed well and the only ones not able to attain profitability was, as expected, Walts Malting (Pty) Ltd, Procuco Grain (Pty) Ltd and Riparian Investment Consortium 1 (Pty) Ltd. Procuco Grain (Pty) Ltd's outlook remains promising and it is experiencing increasing throughput. Walts Malting has experienced significant operational issues, but increased production and improved sales have been achieved over the past few months.

Given the disastrous drought experienced during the 2019 financial year, the realised figures are commendable. Under difficult circumstances for both SSK's Members and the organisation, the financial position of the business was protected. The contribution of SSK's subsidiaries to bring about the diversification of SSK's overall business risk is certainly paying off. The Board of Directors, Management and Personnel have consistently maintained a positive attitude and have endeavored to keep their focus on the needs of our Members and clients. They worked hard together to make these results possible under difficult circumstances and we would like to thank everyone for their contribution to the cause. **Work together, win together!**

SSK's Board of Directors, Management and Staff remain dedicated in their support of our Members and their respective farming operations and are grateful for the loyal support of our Members. We humbly remain grateful to our Heavenly Father for all the blessings we have received so undeservedly from His hand.

TOTAL TURNOVER

The total turnover with Members and customers increased from R1 805 046 140 in the 2018 financial year to R1 953 070 352 in the 2019 financial year. This represents an increase of approximately 8%. The increase is in line with inflationary price adjustments.



NET INCOME / APPROPRIATION OF SURPLUS

The Co-operative's operations resulted in a net income before tax for the year of R50 178 060 (2018 – R 68 797 443). Included in this figure is a dividend of R28 000 000 from Tuinroete Agri (Pty) Ltd in both of the financial years, as well as a once-off dividend of R10 097 110 from SSK Vervaardigers (Pty) Ltd in the previous year as part of the process to unwind the business.

Income tax amounted to R1 273 509 (2018 – R4 724 300) and the increase in deferred tax provision amounts to R2 560 130 (2018 – R1 506 146 decrease). The net income after tax, but before Member bonuses, amounted to R51 344 421 (2018 – R87 579 289). The surplus is divided as follows:


Member bonuses	R5 000 000
Cash	R1 000 000
Deferred	R4 000 000
Reserves	R46 344 421

OPERATIONAL ACCOUNTS

	2019				2018			
	Turnover R	Gross profit R	Gross profit %	Net profit/(loss) after tax	Turnover R	Gross profit/(loss) R	Gross profit %	Net profit/(loss) after tax
Workshops	28 583 681	16 147 968	56.49%	(11 308 812)	28 955 085	17 602 454	60.79%	(8 044 682)
Insurance	11 591 321	11 590 522	99.99%	2 166 489	11 049 650	11 048 908	99.99%	2 061 966
Retail	1 254 583 380	163 276 744	13.01%	10 598 625	1 147 531 333	146 594 145	12.77%	15 858 827
Mechanisation marketing	117 490 053	6 834 171	5.82%	(5 031 756)	119 408 802	7 291 497	6.11%	(4 965 579)
Spares	30 857 537	4 909 993	15.91%	(1 542 101)	31 574 245	6 003 160	19.01%	(553 131)
Seed	90 767 589	20 853 852	22.97%	9 263 969	87 005 791	19 546 218	22.47%	8 276 021
Grain	274 029 473	66 432 936	24.24%	2 450 011	235 415 486	84 530 455	35.91%	16 430 442
Animal feeds	144 940 867	25 700 796	17.73%	6 585 964	144 067 819	22 864 250	15.87%	5 709 063
Administration	226 450	690 927	N/a	38 162 032	37 929	(173 900)	N/a	52 806 362
Subtotal				51 344 421				87 579 289
Member bonuses declared				(5 000 000)				(22 000 000)
Total	1 953 070 352	316 437 910	16.20	46 344 421	1 805 046 140	315 307 189	17.47	65 579 289

GROSS PROFIT PER DIVISION

The ratio of gross profit per division to the total gross profit in the amount of R311 437 910 (2018 – R293 307 188) (excluding the gross profit of administration and other services) was as follows:



TOTAL EXPENDITURE

Total expenditure (administrative and operational) has increased by 8.8% in the year under review. This is in line with budgeted figures, with the majority of the increases originating from the increased cost in operating leases, commission paid, provision for the impairment of short-term loans and personnel costs.

VALUE ADDED TO STAKEHOLDERS

	%	2019 R	2018 R	%
Turnover		1 953 070 352	1 805 046 140	
Net cost price of products and services		1 564 359 065	1 403 924 285	
Value added		388 711 287	401 121 855	
Utilised as follows:				
Employees	43.54	169 247 011	160 327 198	39.97
Wages/Salaries	40.14	156 020 134	143 008 837	35.65
Incentive bonuses	3.49	13 556 877	17 231 361	4.30
Post-retirement medical cost	(0.08)	(330 000)	87 000	0.02
Capital providers	22.98	89 312 350	83 869 202	20.91
Interest	22.72	88 312 350	79 469 202	19.81
Bonuses paid out	0.26	1 000 000	4 400 000	1.10
Addition of assets	10.67	41 482 798	51 342 138	12.80
Depreciation	5.98	23 228 326	19 248 514	4.80
Re-invest in business	15.85	61 607 163	83 116 649	20.72
Reserves	14.82	57 607 163	65 516 649	16.33
Deferred bonuses	1.03	4 000 000	17 600 000	4.39
Income tax	0.99	3 833 639	3 218 154	0.80
		388 711 287	401 121 855	

DEBTORS


Carry-over debt increased significantly to R311 500 936 (2018 – R205 289 534). The increase is attributable to the climatic conditions prevalent throughout the greater service area during the year under review. The widespread drought has put pressure on the yield of all agricultural products. Debtors amounting to R384 689 (2018 – R132 648) have been written off as irrecoverable. The total provision for doubtful debts was R1 977 806 (2018 – R2 324 246) at year-end. These excellent figures are commendable given the size of the debtors' book.

IMPORTANT FINANCIAL RATIOS

The following ratios are important measurements with which the financial condition can be measured:

	2019	2018
Net profitability	2.37%	3.63%
Return on equity	6.92%	8.99%
Debt : Equity	2.01	1.78
Interest bearing debt : Equity	1.59	1.33
Current ratio	1.03	0.94

SOURCES OF CAPITAL



	2015	2016	2017	2018	2019
L/T Loans	220 002	203 364	187 923	167 851	209 034
Shares	4 557	5 173	5 679	6 097	6 310
Reserves	567 595	522 674	648 681	657 834	607 980
Member Funds	81 213	67 166	64 912	65 457	54 953

SUBSIDIARIES

The performance of the subsidiary companies (direct and indirect interest), joint venture and an associated company, for the year under review was as follows:

	Turnover	2019 Gross profit/ (loss)	Net profit
Blinkbeleg Vyftien (Pty) Ltd	577 800	577 800	274 203
Eureka Mills (Pty) Ltd	45 578 261	8 873 133	258 958
Hessequa Abattoir (Pty) Ltd	250 903 749	11 877 936	162 111
Procuo Grain (Pty) Ltd	9 121 856	9 096 760	(572 336)
Riparian Investments Consortium 1 (Pty) Ltd	–	–	(44 526 905)
Sentraal-Suid Beleggings (Pty) Ltd	178 200	178 200	47 052
Softlutions (Pty) Ltd	4 502 656	4 502 656	514 730
Southern Oil (Pty) Ltd Group	1 443 850 483	250 511 799	61 876 296
Swellen Mark (Pty) Ltd	10 784 986	10 784 986	2 967 509
Technifarm (Pty) Ltd	14 501 809	5 252 500	1 243 495
Tuinroete Agri (Pty) Ltd	–	–	10 270 000
Walts Malting (Pty) Ltd	5 338 298	(861 910)	(11 076 169)
		2018	
Blinkbeleg Vyftien (Pty) Ltd	5 936 509	558 377	100 214
Eureka Mills (Pty) Ltd	38 204 260	6 977 302	233 897
Hessequa Abattoir (Pty) Ltd	217 341 949	15 334 562	2 580 469
Procuo Grain (Pty) Ltd	4 795 411	4 795 411	(3 509 116)
Riparian Investment Consortium 1 (Pty) Ltd	–	–	(31 305 012)
Sentraal-Suid Beleggings (Pty) Ltd	165 000	165 000	2 562 447
Softlutions (Pty) Ltd	3 733 124	3 733 124	254 080
Southern Oil (Pty) Ltd	1 230 616 020	158 838 286	34 768 707
SSK Vervaardigers (Pty) Ltd	–	–	1 060 504
Swellen Mark (Pty) Ltd	12 127 583	12 127 583	2 666 582
Technifarm (Pty) Ltd	12 294 267	4 023 165	739 328
Tuinroete Agri (Pty) Ltd	–	–	2 311 000
Walts Malting (Pty) Ltd	6 081 581	(1 125 842)	(8 868 982)

GRAIN

Grain plantings declined sharply in the year under review, with very unfavourable planting conditions in most of the SSK service area. This was especially true with regard to wheat.


Further rainfall and rainfall distribution were also not very favourable and only certain areas around Swellendam had reasonable harvests. Grain and canola yields in especially the eastern part of the region were among the lowest in many seasons.

Given the dry year, however, there were relatively few quality problems, although barley grading regulations were relaxed to accommodate much of the barley crop that would not have been the case in previous years.

HECTARES PLANTED


Hectares planted in SSK's service area (since 2015 Riversdale, Albertinia and Herold are included).

HECTARES PLANTED




GRAIN INTAKE

Grain intake in SSK's silos (since 2015 Riversdale, Albertinia and Herold are included).



Grain yields were of such a magnitude that SSK's storage facilities were underutilised for a second year in a row. Only Swellendam and, to a lesser extent Heidelberg Silo, experienced grain intakes that were close to its existing storage capacity.

SEED SEED SALES



Under the circumstances, SSK's seed sales were still above expectations. Competitive prices, availability of cultivars and good quality seed ensure customer support across a wide front and a significant portion of the division's turnover is nowadays outside of SSK's historical service area.

FUTURE VIEW

SSK's service area experienced a below average year as far as rainfall was concerned. Poor commodity prices put further pressure on our Members' cash flows and debt positions. SSK's strategic focus is currently to manage these debt positions with its Members, also in the year to follow. History has shown that a difficult agricultural year is not reversed in one year.

There are major challenges for agriculture, not only within SSK's service area, but also for agriculture at national level.

The latest figures from the National Department of Agriculture, Forestry and Fisheries show that debt levels in the South African agricultural industry have increased to record highs. It amounted to around R170 billion at the end of 2018, which is equivalent to 35% of agriculture assets.

The weak financial position of the consumer market has put a further damper on the market for agricultural products. SSK and its subsidiaries experienced this decline in purchasing power firsthand and our financial results for the year under review are testimony of this. This competitive environment in which SSK and its subsidiaries must compete will pose great challenges to the respective Managements and Boards in the coming year.

The election is over and the real work begins now. The Government's economic policy in the coming months should be focused on increased growth and job creation. Expectations for economic growth this year range from the recent 1.6% to the less optimistic 1.3%. It is not nearly enough to overcome the country's structural economic problems such as poverty, unemployment and inequality. This remains one of President Ramaphosa's biggest challenges. Clarity on the expropriation of land debate and what is envisaged with it, is now essential for the agricultural sector.

SSK's membership numbers continue to increase. Management and Personnel are well-positioned to serve these Members to the best of their abilities.

SSK wants to assure its Members that we are committed to fully support you through this uncertain time, while maintaining sound business principles. SSK's Board of Directors and Management acknowledge with great humility our dependence on our Heavenly Father.



SSK het 'n wesentliche belang in die volgende entiteite:

SSK has a material interest in the following entities:

